Persverklaring

Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging

30 April 2020

**OPSKORTING VAN DIE VIRSEKERBEKERREEKS VIR 2020**

Die bestuur van die Noordvaal Hoërskole rugbyvereniging het in die lig van die die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande maatreëls asook finansiële implikasies, besluit om die Virsekerbekerreeks van 2020 vir al die afdelings op te skort.

Die 100-jarige viering van die kompetisie wat vanjaar sou plaasvind, sal in oorleg met borg, Virseker, op die lange baan geskuif word tot in 2021. Die bestuur wil veral die spelers wat vanjaar in matriek is en wat nie vanjaar deel van hierdie kompetisie gaan wees nie, bedank vir hulle bydrae tot skolerugby die afgelope vyf jaar en spreek die wens uit dat hulle nog deel van die rugbystrukture vorentoe sal wees. Hulle word ook sterkte toegewens met die matriekjaar en die eksamens wat voorlê.

Die bestuur wil voorts ook alle skole, ouers en ondersteuners bedank vir die insette wat tot duver vanjaar aan skolerugby gelewer is.

Ferdi Niemand

Voorsitter: Noordvaal Hoërskole Rugbyvereniging

Tel: 0845481148

e-posadres: ferdi.n@curro.co.za